PO Box 13177
Leraatsfontein
1038
Tel: (013) 697 5068
Email: patriot@absamail.co.za
Web: www.patrioths.co.za

26 Augustus 2024

Hoërskool Patriot

OMSENDBRIEF: 139 van 2024

Geagte Ouers

I/S MATRIEKAFSKEID 2024

Dit is met groot genoeë dat ons 'n Matriekafskeid aanbied op 3 Oktober 2024. Aangesien hierdie 'n feesvieringsgeleentheid is, wil ons graag alle Graad 12's uitnooi om die funksie by te woon.

Neem asseblief kennis van die volgende:

- As u kind 'n dissiplinêre verhoor, 'n tribunaal of twee detensies gehad het vir 2024, sal hy/sy uitgesluit word van die funksie. So ook die leerders wat hul wangedra het met "40 days". Hulle weet wie hulle is en sal ongelukkig ook nie die funksie mag bywoon nie.
- Die koste per persoon beloop R500-00. Leerlinge kan alreeds begin betaal by Mev. Buys in die voogperiode. Die bedrag kan ook afbetaal word in paaiemente, maar moet ten volle betaal wees teen **6 SEPTEMBER 2024**.
- Slegs EEN Kaartjie per persoon sal verkoop word. Slegs leerders wat in graad 12 in Hoërskool Patriot is, sal toegelaat word om die funksie by te woon.
- **Daar sal ongelukkig geen "show-off" plaasvind hierdie jaar nie.**
- Die aankomstyd is vanaf 12:00. Die funksie begin stiptelik om 15:00. Die funksie eindig om 21:00.
- Die funksie vind plaas te De La Café, Gordon Weg 7b, River View, Witbank.

Neem asseblief kennis van die volgende toegewings ten opsigte van die netheidsreëls vir die matriekafskeid:

DOGTERS	SEUNS
• Naels kan gegroei word vanaf 9 September 2024. • Hare moet steeds volgens die skoolreëls vasgemaak en uit die gesig wees.	• Seuns kan hul hare en baarde vanaf 9 September 2024 laat groei.

Op **14 Oktober 2024** moet alle matrikulante se hare, naels, wimpers en baarde weer aan die skoolreëls voldoen.

Ons vertrou dat hierdie geleentheid vir altyd onthou sal word deur die leerders.

Patriotgroete.

HOOF: FG MOSTERT

HEAD OF GRADE: S J V NIEUWENHUIZEN

MATRIEKAFSKEID ORGANISER: J BUYS

HOËRSKOOL PATRIOT
WITBANK
2024 -08- 26
POSBUS 13177
LERAATSFONTEIN 1038
MPUMALANGA ONDERWYSDEPARTEMENT